# KRUISGENOOT

23 Februarie 2025

## NGK RUSTENBURG-SUID

JESUS LEEF EN ONS MET HOM



# Kontak

071 436 0102
ngrbsuid@gmail.com
www.ngrustenburgsuid.co.za

NGRtbsuid

ABSA 122 058 012 8

Kaart fasiliteite in die kantoor beskikbaar

**KANTOORURE**
08:00 - 13:00

**SKRIBA**
Helena Heystek-De Klerk
071 436 0102

**LERAAR**
Ds Driaan Britz
083 232 4706
driaan@eeworks.org

# Bid vir mekaar

## Siek of in die Hospitaal

Freddie Alberts
Bessie & Hansie Ströh
Annatjie Smuts
Marie Nel
Pieter Sevenhuysen
Jac van der Bergh
David Jansen van Vuuren
Lienke Venter
Wimpie Espach
Johann Espach
Bronwynne Joubert
Marcel Derks
Fancis Jackson
Grietha Paxton

# LEKKER VERJAAR

24 Februarie - Dorothy Maritz
25 Februarie - Joan Breet
25 Februarie - Ronaldo Odendaal
1 Maart - Piet Enslin
1 Maart - Linuscha Fowlds




**Zimbabwe**: Bid steeds vir ons eerste Zimbabwiese Gebaretaal Bybelvertalingsprojek wat nou in die vierde jaar is. Bid dat Dowes, met die sukses van hierdie projek, die Here in hulle hartstaal sal ontmoet.
**Mosambiek**: Bid vir ons personeel terwyl ons hard werk om programme en vennootskappe te bevorder en te ontwikkel om sodoende Bybelbetrokkenheid te verhoog. Bid dat ons werksaamhede sal kan help om inkomste te verhoog en 'n volhoubare toekoms vir die Bybelgenootskap te verseker.
**Botswana**: Bid vir ons eerste Mbukushu Bybelvertalingsprojek. Dit is die eerste vertaling van die Ou Testament vir die Hambukushu gemeenskappe. Bid ook vir die sukses van die projek en dat die Hambukushu mense se gebede om toegang tot die Bybel in hul hartstaal te kry, beantwoord sal word.

# VERSKILLENDE TIPES GEBED

Die Bybel openbaar baie soorte gebede en gebruik ‘n verskeidenheid van woorde om die praktyk daarvan te beskryf. Byvoorbeeld, 1 Tim 2:1 sê, “Ek dring daarop aan dat daar in die eerse plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense.” Hier word al 4 van die hoofwoorde in Grieks gebruik vir gebed in net ‘n enkele vers.

Hier is die hooftipes van gebede in die Bybel:

Die Geloofsgebed: Jak 5:15 sê, “En as hulle gelowig bid, sal dit vir die sieke genesing bring: die Here sal hom gesond maak.” In hierdie konteks word geloofsgebed gebruik vir iemand wat siek is, deur vir God te vra om hom/haar te genees. Wanneer ons bid, moet ons in die krag en goedheid van God glo (Mark 9:23).

Korporatiewe gebed (gebed van ooreenstemming): Na Jesus se hemelvaart, het die dissipels almal vergader en “eensgesind volhard in die gebed” (Hand 1:14). Later na Pinksterfees, het die vroeë kerk “hulle heelhartig toegelê” op gebed (Hand 2:42). Hulle voorbeeld bemoedig ons om saam te bid met ander.

Die versoekgebed (of smeekgebed): Ons moet ons versoeke tot God rig. Fil 4:6 leer ons, “Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend.” ‘n Deel van oorwinning oor die geestelike stryd, is om Ef 6:18 te leef en te doen:“Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees.”

Dankgebed: In Fil 4:6 sien ons ‘n ander soort gebed: danksegging of dank aan God, “maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend.” In die Psalms word baie voorbeelde van dankseggingsgebede gevind.

Aanbiddingsgebed: Hierdie gebed is baie soortgelyk aan die dankgebed. Die verskil is dat aanbidding gefokus is op Wie God is; dank is gefokus op wat God gedoen het. Kerkleiers in Antiogië het as volg gebid, terwyl hulle ook gevas het: “Toe hulle op ‘n keer bymekaar was om die Here te dien en om te vas, het die Heilige Gees gesê: ‘Sonder Barnabas en Saulus vir My af om die werk te doen waarvoor Ek hulle geroep het.’ Nadat die gemeente gevas en gebid en hulle die hande opgelê het, het die gemeente hulle laat gaan” (Hand 13:2-3).

Toewydingsgebed: Soms is gebed ‘n tyd wanneer ons onsself afsonder om God se wil te soek. Jesus het só gebid die nag voor Sy kruisiging: “Hy het ‘n entjie verder gegaan en daar gekniel met die gesig teen die grond en gebid: ‘My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil’” (Matt 26:39).

Intersessiegebed: Baie keer sluit ons gebede versoeke in vir ander, wanneer ons vir hulle intree. In 1 Tim 2:1 word ons aangesê om intersessie te doen “vir alle mense.” Jesus dien as voorbeeld vir ons op hierdie gebied. Joh 17 as ‘n geheel is so ‘n gebed van Jesus vir Sy dissipels en alle gelowiges.

Gebed is om met God te gesels en dit moet ons sonder ophou doen (1 Tess 5:16-18). Soos ons groei in ons liefde vir Jesus Christus, sal ons ‘n natuurlike begeerte ontwikkel om met Hom te praat.

1 Maart 2025 08:00 – 14:00
NGK Rustenburg-Suid

R150 pp
MIDDAGETE VOORSIEN

# DEEL JOU GELOOF OPLEIDING

Die EVANGELIE op jou hand
*Maklik om te onthou – Moeilik om te vergeet*

Kontak: Driaan Britz – 083 232 4706

---

KINDER EVANGELISASIE OPLEIDING
volwasse leiers en kategete

# Hoop vir Kinders

**28 Februarie - 2 Maart 2025**
NGK Rustenburg-Suid
Vrydag: 17:00-21:00. Saterdag: 08:00-17:00. Sondag 10:30-17:00
ETES INGESLUIT
**R300 pp**

"Sy laaste opdrag, ons eerste!"

Kontak: Driaan 083 232 4706

---

# Koeksisters
**08:00 - 27 Februarie 2025**

Kom koop Koeksisters - R60

**Kom help asseblief - baie hande nodig**

---

# Dip 'n Ouma!

Beskuit te koop

Ons drink nie koffie om wakker te word nie.
Ons word wakker om koffie te drink.

**Heerlike tuisgebakte beskuit saam koffie na kerk!**

Dames-Toilette OpknappingsFONDS

---

# Koffie en Tee

kom kuier saam na die diens
hardeslaankoffie

23 Februarie - Wyk A
2 Maart - Wyk B

---

# Potjiekos
LEKKER KUIER

10 MEI | 16:00 | R50,00

Kaartjies by kantoor

---

# BAZAAR
**2025**

NGK RUSTENBURG-SUID
24 Mei 2025 : Begin 08:00
H/V Kerk en Unie